



# Naspeurbaarheid: 'n Moet vir die toekoms

Die voordele van 'n naspeurstelsel weeg swaarder as die nadele. As Suid-Afrika meer vleis wil uitvoer, is dit een manier om winsgewende markte te betree. Die bestuursvoordele wat op plaasvlak aan só 'n stelsel verbonde is, weeg swaarder as enige moontlike nadele.

**S**uid-Afrikaanse bees- en skaapboere is met reg bekommerd oor die lae pryse (per kilogram lewendige gewig) wat hul diere in vergelyking met dié uit meer ontwikkelde lande behaal. In die artikel "Vernuwing nodig vir rooivleisbedryf" (LBW, 18 Maart 2016) het ek daarop gewys dat Suid-Afrika se speenkalfpryse bykans die helfte van dié in Amerika en Australië is. Dit is ook dieselfde as in ander ontwikkelende lande, soos Pakistan en Indië, waar alle vleis wat verkoop word in werklikheid gelykstaande aan Suid-Afrika se graad C-vleis is.

My voorstel oor hoe om uit hierdie situasie te kom, is om 'n groter uitvoermark vir plaaslike hoëwaardesnitte te skep. 'n Onlangse besoek aan Botswana was weer 'n opening. Hoewel net 20% van Botswana se beesvleis uitgevoer word, sorg dit vir 80% van dié land se inkomste, hoofsaaklik omdat hy toegang het tot baie winsgewende Europese markte. Suid-Afrika is ongelukkig om verskeie redes van baie van dié markte uitgesluit. Redes daarvoor is die plaaslike gesondheidsstatus en 'n gebrek aan 'n naspeurstelsel.

Baie Afrikalande het 'n naspeurstelsel, of is in die proses om dit in te stel. Suid-Afrika kan dus uit hul suksesse en mislukkinge leer.

## NAMIBIESE SUKSESVERHAAL

Die suksesvolste naspeurstelsel in Afrika, en een van die besies ter wêreld, is ongetwyfeld die Namibiese stelsel. Dit het klein begin as 'n vrywillige stelsel. Dit is voortgedryf deur produsente-organisasies vir diereprodukte wat vir uitvoer bestem is. Dit was aanvanklik 'n eenvoudige oorplaatjie en aantekeninge is op papier bygehou. Daarna is 'n oorplaatjie met 'n staafkode gebruik. In die warm, droë en ekstensiewe omgewing het dit gou onprakties geblyk te wees omdat die plaatjie eers skoongemaak moes word voor dit deur 'n leser gelees kon word.

Druk van die Europese Unie (EU) het geleidelik tot 'n dubbele oorplaatjiesstelsel. Namibiese



Ethiopië is een van baie Afrikalande wat 'n nasionale naspeurstelsel instel. Bykans 1 miljoen diere uit ongeveer 4 000 tot 5 000 voerkrale word meestal na Midde-Oosterse lande uitgevoer. Elke diere sal 'n amptelike oorplaatjie dra wat duidelik die diere se oorsprong bevestig. FOTO'S: VERSKAF

### KORTOM

- Die naspeurstelsel het talle bestuursvoordele, soos die bekamping van siektes en identifikasie.
- Namibië se dubbele oorplaatjiesstelsel is 'n voorbeeld van hoe om 'n naspeurstelsel suksesvol in te stel.
- Om toegang tot Europese markte te kry, is 'n naspeurstelsel byna ononderhandelbaar.

boere het hulle toe tot 'n radiofrekwensie-toestel (RFID) gewend.

Dié plaatjie het 'n elektroniese klos wat deur 'n elektroniese leser geaktiveer word om 'n internasionale identifikasienommer te voorsien. Die plaatjies vir albei ore kos

sowat R25 stuk. Daar is ook 'n heffing op alle beesverhandeling om onder meer ook vir die naspeurstelsel te betaal. Terloops, baie Suid-Afrikaanse boere gebruik ook nou die plaatjies vir bestuursdoeleindes.

Die Namibiese stelsel het ongetwyfeld nuwe markte, soos Noorweë, Europa en nou China, vir die bedryf oopgemaak. Die volledige nasionale stelsel het omstreeks die jaar 2000 begin, maar daar is heelwat voor dit uitgerig.

Suid-Afrika is 'n netto invoerder van vleis en het, anders as Namibië, nie 'n beduidende uitvoermark nie. Daar sal egter later in die artikel getoon word daar is talle voordele aan die instelling van 'n naspeurstelsel verbonde – en dit is nie net van toepassing op uitvoer nie. Uitvoer was egter 'n sterk dryfveer vir talle lande om 'n naspeurstelsel in te stel.

## EN HOE MENS DIT NIE DOEN NIE ...

Baie lesse kan ook uit die stelsel in Botswana geleer word, onder meer hoe dit nie gedoen moet word nie. Botswana het eers op 'n retikulêre bolus besluit, 'n toestel omtrent so groot soos 'n A3-battery, wat deur die keel van 'n diere in die rumen geplaas word.

Terwyl die bedoeling was dat die bolus hersirkuleer sou kon word en 'n nuwe identifikasienommer daaraan toegewys sou kon word, was die stelsel onprakties. As die bolus eers in die maag is, is dit onmoontlik om te verwyder en moeilik om te hersirkuleer. Daar is ook geen sigbare identifikasie aan die diere self nie. Aangesien die bolus peuterbestand is, het dit egter die potensiaal om veediefstal te kan verminder.

Onbevestigde verslae dui daarop dat die bolusstelsel vir net 3 miljoen diere gebruik is en sowat \$35 miljoen (byna R534 miljoen) gekos het. Botswana het nou na 'n RFID-stelsel soos dié van Namibië oorgeskakel. Ondanks die probleme is die uitvoermark van die uiterste belang om inkomste vir die landbousektor in Botswana te verdien, vandaar die behoefte aan 'n naspeurstelsel.

Ander Afrikalande wat nasionale identifikasiestelsels gereed het, of dit instel, sluit Swaziland en die meeste van die IGAD-lande in. (Die IGAD is soortgelyk aan die Suid-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap en sluit al die Oos-Afrika-lande in, soos Ethiopië, Kenia, Uganda en die Soedan.)

## NASPEURSTELSEL SE VOORDELE

Terwyl uitvoer tradisioneel die dryfveer vir die implementering van 'n naspeurstelsel was, sorg die talle ander voordele wat daaraan verbonde is dat selfs lande met min of geen uitvoergeleenthede dit nou in werking stel. Dit geld veral baie Europese lande, waar naspeuring nou verpligtend is. Die grootste voordeel is bloot dat diere behoorlik amptelik geïdentifiseer word.

Brand- en oormerke sal steeds 'n rol speel om eienaarskap van diere te bepaal. Die identifikasie van individuele diere met 'n peuterbestande plaatjie wat deur die regering goedgekeur is, kan egter met 'n motor se nommerplaat vergelyk word. Diere kan nou maklik op grond van 'n nasionale databasis geïdentifiseer word.

'n Mens sien gou as 'n motor nie 'n nommerplaat het nie. As een diere nie geïdentifiseer is nie, sal vrae ook ontstaan oor waarom dit die geval is.

Nie net maak plaatjies die bestuur van die kudde makliker nie, maar dit is ook nie maklik om te verwyder nie omdat dit 'n staalspyker het wat deur die oor gaan. Die enigste manier om dit te verwyder, is om dit uit die oor te sny. As dit gebeur, bly 'n gaatjie agter



Wanneer 'n oorplaatjie in elke diere se oor gesit word, neem party Europese lande terselfdertyd 'n DNS-weefselmonster van die diere. Die DNS vir elke diere word in 'n nasionale databank bewaar. 'n Naspeurstelsel is veral belangrik om 'n diere amptelik te identifiseer en om siektes te bekamp.

## Uitvoer was egter 'n sterk dryfveer vir baie lande om 'n naspeurstelsel in te stel.

en die sny is ook duidelik sigbaar.

In Suid-Soedan, waar baie beeste gesteel word, het peutertervrye, sigbare plaatjies daartoe gelei dat beesdiefstal met tot 90% verminder het. As daar ook net een soort toestel landwyd gebruik word, kan die regering meer suksesvol oor die prys daarvan onderhandel. Aangesien bestellings dan miljoene rande sal beloop, sal die prys per plaatjie laer wees, wat tot almal se voordeel sal wees.

## VERANDER OPVATTINGS

Die tweede groot voordeel is die bestuur van siekte-epidemies en voorvalle waar voedselveiligheid in gedrang is. Alle verskuiwings van elke diere word op 'n sentrale databasis aangeteken. Die verbruikers aan die einde van die waardeketting van Suid-Afrika se rooivleisprodukte kan dan vinnig en doeltreffend bepaal waar 'n siek diere vandaan kom, en ook alle diere identifiseer waarmee die diere in sy leeftyd in aanraking gekom het.

'n Uitbreking van miltsiekte (antraks) in Suid-Australië is laas jaar blitsig deur die veeartsenydiens vasgevat. Alle diere wat met die siek diere in aanraking was, is binne 24 uur geïsoleer en ingeënt.

'n Naspeurstelsel is van onskatbare waar-

de vir staatsveeartse om siektes te beheer. Dit geld veral lande wat aan siektes, soos bek-en-kloueër of brucellose, blootgestel is. Namibië en Botswana kan met die veeartsenydiens van lande met hoëwaardemarkte onderhandel omdat hulle in bepaalde veterinerse sones vry van bek-en-kloueër is en enige gevaar deur 'n naspeurstelsel nage-spoor kan word. Hulle kan hul aansprake rugsteun dat enige uitbreking van 'n siekte maklik geïsoleer kan word.

Baie Afrika-lande (soos Suid-Soedan) sorg byvoorbeeld dat net diere wat ingeënt word teen hoërisikosiektes, soos bek-en-kloueër, 'n oorplaatjie mag kry. Ander voordele sluit in beheer oor die gebruik van dieremedisyne en plaagdoders, wat ook op die nasionale databasis aangeteken kan word.

Laastens word die bestuur van kuddes en troppe ook verbeter. In lande waar 'n naspeurstelsel gebruik is, sal baie, indien nie die meeste boere nie, aanhou om so 'n stelsel te gebruik, selfs al word dit nie wetlik vereis nie. Die bestuursvoordele weeg eenvoudig swaarder.

## IMPLEMENTERING VAN 'N NASPEURSTELSEL

Alle belanghebbendes in 'n vleiswaardeketting sal gewoonlik saamstem dat die instelling van 'n naspeurstelsel 'n goeie voorstel is tot gevra word wie daarvoor gaan betaal. Dan lyk dit skielik minder aantreklik. Wat ▶

◀ boere egter moet besef, is dat jy gaan agter raak as jy nie voortdurend vernuwe en seker maak dat jy relevant bly ten opsigte van veranderende markvereistes nie.

In Suid-Afrika is daar tans 'n paar voerkrale wat hul eie naspeurstelsel geïmplementeer het. Daar moet egter meer gedoen word om 'n gekoördineerde poging aan te wend om 'n stelsel gereed te kry wat deur alle belanghebbendes in die waardeketting, asook die internasionale gemeenskap, as geloofwaardig vir die hele bedryf beskou word.

Amerika het byvoorbeeld ook nie 'n naspeurstelsel nie omdat dié land nie die verskillende state sover kan kry om saam te werk nie. Die koste vir die bedryf weens hierdie gebrek aan samewerking is hoog en word as 'n verleenheid vir sy bedryf beskou.

Die grootste koste van 'n naspeurstelsel is die administrasie van die databasis en die logistiek ten opsigte van die aantekening van die beweging van individuele diere. Baie Afrikalande het 'n nie-regeringsorganisasie of 'n internasionale ontwikkelingsagentskap sover gekry om vir die databasis te betaal.

Die bedryf betaal dan vir die nodige infrastruktuur en die bestuur van die databasis. Daar word gewoonlik 'n heffing op elke plaatjie gehef om die koste te dek. In Namibië is daar ook 'n heffing op elke dier wat verkoop (selfs by veilinge) en geslag word. Selfs vir lewende uitvoer word 'n spesiale heffing geëis. Dié inkomste word ook onder meer vir die administrasie van die naspeurstelsel aangewend.

Vleisbeeste is die diere wat die meeste vir



Die meeste lande wat 'n nasionale naspeurstelsel instel, gebruik deesdae 'n elektroniese oorplaatjie in die een oor en 'n bestuursplaatjie in die ander oor. Die elektroniese oorplaatjie vergemaklik bestuur en haal die sleurwerk uit die byhou van data. Data word op 'n nasionale databasis bewaar.

## In Suid-Soedan was peutervrye, sigbare plaatjies daarvoor verantwoordelik dat beesdiefstal met tot 90% verminder het.

'n naspeurstelsel gekies word. Dit is bloot omdat die koste van die toestel in verhouding tot die karkas die laagste is. 'n Dubbele oorplaatjie met 'n RFID-toestel kos gewoonlik sowat R25 tot R35. Eers as dit geïmplementeer is en goed werk, sal die bedryf kyk na diersoorte, soos skape en bokke.

Dit is 'n goeie plan om die implementering van 'n naspeurstelsel as 'n bekendstellingstudie te begin. Dit is ook onrealisties om te dink jy kan vinnig 'n nasionale naspeurstelsel gereed kry deur elke dier te begin merk.

Die meeste lande begin deur een sektor van die waardeketting in sy visier te kry. Dit is gewoonlik 'n bedryf waar die bepaalde waardeketting die meeste voordeel daaruit sal trek. Voorbeelde is uitvoer, of gebiede met 'n hoë risiko vir die oordrag van siektes, of waar groot groepe diere gesteel word.

As 'n naspeurstelsel ingestel word, moet 'n koördineringsliggaam gevorm word wat alle belanghebbendes in die waardeketting insluit. Dit sluit in kommersiële en ontluikende boere, stoetboere, voerkrale, slagpale, kleinhandelaars, wetstoepassers en natuurlik die Departement van Handel en Nywerheid en van Landbou, Bosbou en Visserye.

In baie lande sal die veeartsenydiens só 'n stelsel aanvoer. (In 'n internasionale konteks is dit belangrik dat die owerhede beheer het daarvoor omdat dit belangrik is vir die bestryding van dieresiektes).

'n Goeie, praktiese riglyn vir die implementering van 'n naspeurstelsel is deur dr. Tony Britt en Roger Paskin gepubliseer. Paskin bly in Australië en is die hoof-veeartsenykundige beampete vir Victoria. Baie van die eer vir die opstel van die suksesvolle Namibiese stelsel kom hom toe as voormalige werknemer van die vleisraad.

### VEREISTES VIR NASPEURSTELSE

Die skrywers beveel die volgende elemente vir die ontwikkeling van 'n naspeurstelsel vir vee aan:

'n "Gesagsliggaam" wat die stelsel bestuur.

Dit kan 'n vennootskap van private en owerheidsondernemings wees. In Namibië is dit die direktoraat veeartsenydiens en die vleisraad, wat ook 'n staatsorganisasie is, maar waarop boere as raadslede sit en intensief by subkomitees betrokke is.

'n Nasionale databasis wat al die vereiste inligting oor identifikasie en eienaarskap versamel, en wat ook die dier se bewegings naspoor.

'n Manier om die dier fisiek te identifiseer. Die standaardpraktyk is om sigbare, peu-

tervrye oorplaatjies te gebruik. In die meer ontwikkelde lande is die plaatjie elektronies, en dus duurder. Dit maak egter die akkuraatheid van die byhou van data oor bewegings doeltreffender waar groot trope beeste betrokke is, soos op veilinge en by slagplase, aangesien tegnologie gebruik kan word om die data in te lees.

Die ontwikkeling van die nodige dokumentasie vir die beweging van diere en die bestryding van siektes.

'n Wetlike raamwerk.

Die implementering moet ondersteun word deur 'n program wat deelnemers uit die bedryf opvoed.

'n Behoorlike moniterings-, toepassings-, evaluerings- en ouditeringsprosedure moet gereed gekry word.

Laastens moet 'n navraagstelsel gereed wees. As 'n dier se identifikasienommer in die databasis ingesleutel word, moet dit 'n verslag van die dier se geskiedenis en bewegings gee, asook die individue waarmee die dier in sy leeftyd in aanraking gekom het.

Die instel en bedryf van 'n naspeurstelsel verg 'n hoë vlak van organisasie en almal in die waardeketting moet saamwerk. Die grootste bekommernis vir 'n bedryf is voedselveiligheid. Die koste van bek-en-klouseer vir Suid-Afrika beloop miljard rande se verlore inkomste. Die uitbreking van malbeesiekte in Kanada het tot die onmiddellike implementering van 'n naspeurstelsel gelei.

Nasporing raak 'n voorvereiste vir uitvoer na hoëwaardemarkte, en die uitvoerland moet kan bewys dat die dier of diereproduksie siektevry is en deur die hele waardeketting gemonitor is. Terwyl baie veeboere al diere identifiseer, kan hulle hul gewoonlik nie in dink hoe hulle op kort- tot mediumtermyn by so 'n nasionale identifikasie- en naspeurstelsel baat sal vind nie.

As die voordele duidelik aan alle belanghebbendes uiteengesit kan word, sal elke sektor dit meer steun. Die tyd het ongetwyfeld aangebreek om 'n naspeurstelsel in Suid-Afrika te implementeer as ons as 'n veebedryf mededingend wil bly. **LBW**

NAVRAE: Dr. Michael Bradfield, e-pos: [michael@agribsa.co.za](mailto:michael@agribsa.co.za).

*Dr. Michael Bradfield het die grade B.Sc. aan die Universiteit van die Vrystaat, M.Sc. aan die Universiteit van Edinburg en Ph.D. aan die Universiteit van Nieu-Engeland verwerf. Hy skryf in sy persoonlike hoedanigheid.*